Openbaring reeks:
DIE HEMEL EN DIE HEL
Skrifgedeeltes: Openbaring 21–22

1. Ons leef nie <u>sodat</u> ons kan hemel toe gaan nie, maar <u>omdat</u> ons hemel toe gaan.
Wanneer ons oor die hemel en die hel praat, dink ons dikwels aan wat eendag met ons gaan gebeur. Die hemel word soms voorgestel as 'n plek iewers bo die wolke waar ons vir ewig gaan sing en waar die strate van goud is. Die hel word weer voorgestel as 'n plek van vuur en verskriklike pyniging.

Openbaring is geskryf aan Christene wat in moeilike omstandighede geleef het. Hulle het vervolging, uitsluiting en swaarkry beleef. Johannes skryf egter nie om hulle bang te maak oor die toekoms nie, maar om hulle hoop te gee. Hy wil vir hulle 'n ander werklikheid wys: God se nuwe wêreld wat kom! Die boodskap van Openbaring is dat die geskiedenis nie in chaos, geweld en dood eindig nie. Dit eindig met God wat sê: "Kyk, Ek maak alles nuut!" (Openbaring 21:5).

2. Die hemel: God kom maak alles nuut (Lees Openbaring 21:1–5)
Johannes sien hoe die nuwe Jerusalem uit die hemel van God af neerdaal na ons toe. Die boodskap is dat God nie sy skepping weggooi nie. Hy maak alles nuut. Die aarde wat deur sonde, gebrokenheid en dood geraak is, word deur God herstel. Johannes gebruik pragtige beelde om hierdie nuwe werklikheid te beskryf. Hy praat van 'n stad met goue strate, pêrelpoorte en fondamente van edelstene. Dit is simboliese taal waarmee hy probeer beskryf wat eintlik onbeskryflik is.

Die stad is 'n plek van:
- Veiligheid: Die poorte staan oop. Daar is geen bedreiging meer nie.
- Gemeenskap: Mense leef in volmaakte verhoudings met God en mekaar.
- Vreugde: God vee elke traan van hulle oë af.
- Volmaaktheid: Daar is geen dood, hartseer, pyn of sonde meer nie.
- God se teenwoordigheid: God woon self by sy mense.

Een van die belangrikste uitsprake staan in Openbaring 21:22. Johannes sien geen tempel in die stad nie, want God die Almagtige en die Lam is self die tempel. Waar mense vroeër deur 'n tempel toegang tot God gekry het, sal God nou volkome en sonder enige skeiding by sy mense woon.

Die hemel is dus veel meer as goue strate en mooi poorte. Dit is om uiteindelik volkome tuis te kom by God!

3. Die hel: 'n bestaan sonder God (Lees Openbaring 20:11–15 en 21:8)
Die Bybel praat heelwat minder oor die hel as oor die hemel. Ons moet daarom versigtig wees om allerlei besonderhede daaroor uit te dink wat die Bybel self nie vir ons gee nie.

Openbaring gebruik onder andere die beeld van die vuurpoel om God se finale oordeel oor die bose en die goddeloosheid te beskryf. Die dier, die valse profeet en die duiwel se finale bestemming word daarmee verbind.

Openbaring 20:14–15 praat ook van die tweede dood. Dit is die finale oordeel oor dié wie se name nie in die boek van die lewe geskryf staan nie. Ons kan die hel verstaan as die verskriklike teenoorgestelde van alles wat Johannes oor die nuwe Jerusalem beskryf. Waar die hemel 'n plek van tuiskoms, liefde, veiligheid en gemeenskap is, beskryf die hel die verlies daarvan. Johannes gebruik sterk beelde om ons te help verstaan hoe ernstig hierdie werklikheid is. Die hel is nie iets waarmee ons ligsinnig moet omgaan nie. Terselfdertyd hoef ons nie die finale oordeel uit God se hande te probeer neem nie. God is regverdig en ons kan Hom vertrou.

4. Die hemel begin reeds vandag! (Lees Openbaring 21:3 en 1 Korintiërs 3:16)
Die wonderlike boodskap van Openbaring is nie net dat daar eendag 'n nuwe wêreld gaan wees nie. Dit verander ook hoe ons vandag leef. Die God wat eendag volkome by sy mense gaan woon, woon reeds nou deur sy Gees in sy kinders. Dit beteken dat ons geroep word om reeds hier en nou iets van God se nuwe wêreld sigbaar te maak. Waar mense mekaar vergewe, waar daar liefde en omgee is, waar iemand veilig voel en waar gebroke verhoudings herstel word, word iets van die hemel reeds sigbaar. Openbaring 21–22 is daarom nie 'n uitnodiging om net vir die hemel te sit en wag nie. Dit is 'n uitnodiging om getrou aan Christus te leef en deel te wees van God se werk in hierdie wêreld. Ons leef nie net om eendag hemel toe te gaan nie. Omdat ons aan Christus behoort, leef ons vandag reeds vanuit die hoop van God se nuwe wêreld!

GROEPSBESPREKING
1. Wanneer mense oor die hemel praat, hoor ons dikwels beskrywings van goue strate, harpe en wolke. Watter beelde het jy self oor die hemel? Hoe help Openbaring 21–22 ons om die hemel beter te verstaan?
2. Johannes beskryf die hemel as 'n plek waar daar geen dood, hartseer, pyn of trane meer sal wees nie. Watter een van hierdie beloftes bring vir jou tans die grootste troos? Waarom?
3. Waarom dink julle is dit so belangrik dat Johannes sê daar sal nie meer 'n tempel wees nie, omdat God en die Lam self by sy mense sal woon? Wat beteken dit vir ons verhouding met God?
4. As die hemel 'n plek van volmaakte liefde, veiligheid, omgee en gemeenskap is, en die hel die teenoorgestelde daarvan verteenwoordig, hoe help dit ons om oor die erns van die hel na te dink?
5. Openbaring wys vir ons hoe God se nuwe wêreld uiteindelik gaan lyk. As ons reeds nou geroep word om iets daarvan sigbaar te maak, wat kan ons as gelowiges en as gemeente hierdie week praktiese doen om 'n stukkie van die hemel in iemand anders se lewe te bring?